



## DIE MIDDELE WAARDEUR ONS GOD KEN

### **NGB Artikel 2:**

#### **Ons ken Hom deur twee middele:**

Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Romeine 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot Sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Die oomblik wat ons die woord "God" gebruik, is die belangrike vrae wat nie verwoord word nie, die vrae na oorsprong. Hoe ken jy God? Hoe weet jy dat daar 'n God is? Hoe weet jy dit wat jy "weet" ten opsigte van God? Wat is met ander woorde die weg na die Goddelike waarheid?

Daar is twee moontlikhede. Daar is nie noodwendig net 'n teologie van bo en 'n teologie van onder nie. Tog lyk dit asof ander voorstelle variasies op die temas hieronder is, of samestellings van die temas is.

Die eerste moontlikheid is dat mense deur projeksie, fantasiedenke of dalk logika 'n god poneer. Mense dink dan

aan eienskappe wat die god moet besit, versterk die gedagtes en hou dan hierdie verhewe idee as God voor. Psalm 115:1-81 *"Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys. Waarom sou die heidene kan sê: "Waar is hulle God nou?" En dit terwyl ons God in die hemel is! Alles wat Hy wil, doen Hy. Wat hulle het, is afgode, van silwer en goud, die werk van mensehande. 'n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie; ore het hulle, maar hoor kan hulle nie; 'n neus het hulle, maar ruik kan hulle nie. Hulle hande, daarmee kan hulle nie voel nie, hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie. Daar kom geen geluid uit hulle keel nie. Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word".*

Dit is nie net in primitiewe gemeenskappe wat mense hierdie metode volg nie. Bekende filosowe het al vanuit hulle denke oor wêreld en werklikheid tot die slotsom gekom dat daar 'n god is. Immanuel Kant (Duitse filosoof 1724 – 1804) het byvoorbeeld geredeneer dat die mens deur suiwer rede by God uitkom.

Die IO (Intelligente Ontwerp) teorie in onder andere die Biologie, stel ook die sogenaamde Ontwerper daar wat die heelal op intelligente en daarom verstaanbare manier saamgestel het. Iets van die waarheid van God in die skepping sien, kom na vore in al die benaderings wat by die mens en sy situasie begin. Die probleem is dat die mens dan nie by God uitkom nie, net die vergoddeliking van sy eie menslike gedagtes.

Indien God die Gans Andere is, kan geen projeksie of denksprong ons by God uitbring nie.

Dit bring ons by die tweede moontlikheid en dit is dat God die doelbewuste keuse maak om Homself aan die mens te openbaar. God maak dan gebruik van die openbarings-meganisme van Goddelike keuse om in interaksie met die mens tree. Die meganisme van Openbaring is toeganklik vir die mens. God bly in beheer en die mens ontvang. In hierdie bespreking gaan die **NGB** se woorde in **vet skuinsdruk** wees. Die NGB stel die saak as volg:

***Ons ken Hom deur twee middele:***

Die inleiding het twee moontlike scenario's beskryf. Die NGB stel dat die volgende benaderings iets van die waarheid besit en dat ons die twee openbaringsmiddele as aansluitend moet verstaan.

***Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld.***

Die NGB stel deur hierdie woorde 'n duidelike verband tussen Skepper en skepping daar. Die Skepper se werk is juis SY werk en daarom kan ons die Skepper in die skepping raaksien. 'n Kunskenner sal voor 'n skildery of beeldhoustuk kan staan en verklaar dat die kunswerk deur 'n besondere kunstenaar geskep is. Vader Claerhout se sketse van byvoorbeeld donkies kan maklik herken word. Ons interaksie met die skepping en ons ervaar van die skepping oortuig ons dat daar 'n Skepper is. Dit is die eerste vorm van openbaring. Dit is tot beskikking van alle mense en is oral

rondom ons sigbaar. Dit is die spreekwoordelike olifant in die vertrek in enige gesprek met iemand wat nie in God glo nie; die gesprek vind plaas midde in die skepping, met die skepping oral voorhande.

***Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê:***

***Rom. 1:20*** “Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie”.

Die resultaat van God se skeppingswerk is van so 'n aard dat enige deel daarvan verstaan kan word as bewys van Sy werk. Die metafoor wat deur die NGB gebruik word, is die een van 'n boek. Die skepping is soos die boek en alles in die skepping is soos die letters en woorde in die boek. Die dele en die geheel getuig van dieselfde Skepper. Die skepping word met reg 'n mooi boek genoem. Ons lees telkens in die Genesis vertelling dat God na Sy skeppingswerk gesien het dat dit goed is.

Die skepping reflekteer egter nie die volheid van dit wat ons van God kan weet nie. Ons kan God net ken in dit wat Hy aan ons openbaar. Anders gestel, ons kan nie meer haal uit die openbaring as dit wat daarin geplaas is nie.

God kies om sekere van Sy eienskappe in die skepping te openbaar. Hierdie beperkte openbaring van eienskappe is genoeg om mense te oortuig dat daar 'n God is, dat God met ewige krag werk en dat Hy inderdaad Goddelik is. Dit is jammer dat soveel mense God in die skepping raaksien en dan dink dit is die finale woord van openbaring.

***Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.***

Die skepping kan ons met ander woorde tot die besef bring dat God bestaan. God se bestaan word so in die skepping aangedui dat dit die mens in beweging moet bring. Die mens moet die volle Openbaring gaan soek. God is net genoeg in die natuur sigbaar om mense enige verontskuldiging te ontnem, maar nie genoeg sigbaar in die skepping vir die mens om die Skepper te ontmoet nie. Diegene wat die bewussyn van 'n goddelike wese in die mens wil setel, moet reggehelp word. God is naspeurbaar in die skepping, nie in menslike denke nie. Hierdie vorm van beperkte openbaring is net genoeg om mense van God se bestaan te oortuig.

***Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord ...***

Dit moet beklemtoon word dat die Openbaring 'n aktiewe wilsdaad van God is. Die mens ontdek nie toevallig 'n god nie, God kies om Homself aan ons bekend te maak en Hy kies die middel waardeur Hy ons wil hê ons Hom moet leer ken. God maak met ander woorde ook van 'n ander middel as die skepping gebruik om Homself

aan ons te openbaar. Dit is nie deur filosofie, beelde of drome nie, maar deur die Bybel wat ons God leer ken.

Die Bybel is die heilige Woord van God. Die Woord as boek sluit aan by die metafoor wat in die beskrywing van die eerste vorm van Openbaring gebruik is. Hierdie boek is egter nie metafories nie, dit is 'n tasbare versameling woorde en sinne.

Die rol van die Woord in die Bybel moet beklemtoon word. Aan die begin het God gesê, met ander woorde God het deur Woord geskep. Jesus word in Johannes 1 die Woord genoem. In Openbaring word Jesus die Alfa en die Omega genoem (Alfa en Omega is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet).

***nog duideliker***

Hierdie Openbaring in die Bybel maak die buitelyne van dit wat ons van God kan dien, duideliker. In die skepping kan net genoeg gesien word om te weet dat daar 'n God is. Die Bybel bring dieper insig.

Dit is moontlik om te stel dat die skepping God so wys dat daar verwarring kan wees. Sonder 'n verdere, meer duidelike Openbaring gaan mense in onkunde verlore bly.

***en meer volkome aan ons bekend,***

Daar is 'n onderskeid tussen volkome en meer volkome. Die inperk van die begrip "volkome" deur die woord "meer", is belangrik. God is soveel meer as ons versamelde grootste gedagtes. Ons denke kan God nie ten volle bevat nie.

God se Openbaring word deur God beheer en Hy maak genoeg van Homself bekend – na Sy keuse. Die

inhoud van die Openbaring ,soos in die Bybel beskryf, is net soveel meer verstaanbaar as die teks wat ons in die skepping vind. Hierdie inligting word aan ons gegee sodat ons God beter kan ken, maar nie ten volle sal kan ken nie. Enige persoon wat dink dat hy God ten volle (volkome) ken, misgis homself.

***en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is***

Die NGB beskryf vervolgens wat bedoel word met die woorde “meer volkome”. Die Bybel laat ons God ken tot op die punt wat vir ons nodig is om te weet. Daar is soveel meer aan God as dit wat ons in die Bybel leer. In hierdie lewe weet ons genoeg.

God se selfbekendmaking is nie tot op die vlak dat ons nuuskierigheid rus vind nie, nie tot op die vlak dat ons alle argumente met ongelowiges sal wen nie. God se Openbaring is nie of enige ander vlak van menslike verwagting of “bruikbaarheid” nie. Ons ontvang wat ons vir ons saligheid nodig het. God het ons geskep en weet wat genoegsame kennis is. Dit is dwaas om elders te gaan soek, dit is dwaas om meer te gaan soek as dit wat ons in die Bybel leer.

***tot sy eer***

Wat om te maak met hierdie Openbaring? God openbaar genoeg

van Homself sodat ons Hom sal eer. God se eer moet telkens op ons lippe wees, in ons harte lewe.

Weer gestel, God se Openbaring is nie daar om nuuskierige agies tevrede te stel nie. God maak Homself so bekend dat die openbaring nie sendelinge onweerstaanbaar maak nie. Goddelike eer kom deur die Openbaring na vore.

***en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.***

God se Openbaring het ’n wonderlike verdere doelwit. God openbaar genoeg van Homself sodat almal wat aan Hom behoort, die saligheid mag beërwe.

Anders gestel, God se Openbaring lei ons om genoeg van God te weet sodat ons die saligheid as erforsie mag ontvang. Die Doopformulier verwys na die Openbaring as die volkome leer van die verlossing. Ons het geen ander kennis nodig as dit wat in die Bybel is nie.

Die troos is nie net dat God alles bekend maak wat nodig is vir ons saligheid nie, maar dat Hy dit bekend maak aan die wat aan Hom behoort. Geloof is die veilige ruimte waar ons nadink oor dit wat God aan ons bekend gemaak het.

